

BELYDENIS VAN 'N VERMEENDE SOSIALIS

Sampie Terreblanche

Ek is in 1933 gebore! 'n Maand vóór my geboorte het Franklin Roosevelt sy New Deal-beleid aangekondig. Ek het die voorreg gehad om gedurende die eerste helfte van my lewe in 'n ekonomiese stelsel van 'n gemengde kapitalisme te leef wat goedgepraat is met Keynes se sosiaal-demokratiese ideologie.

Ek het my doktorsgraad in 1963 behaal met 'n skripsie waarin ek 'n ontleding gemaak het van agt denkers in die Geskiedenis van Ekonomiese Denke wat ten gunste was van redelik grootskeepse staatsinmenging in die kapitalistiese ekonomie. Al agt was ten gunste van 'n stelsel van demokratiese kapitalisme waarin die staat en die privaat sektor komplementêre rolle speel om die welvaart van die gemeenskap as geheel te bevorder. In die derde kwart van die 20ste eeu was hierdie stelsel plek. Maar van 1980 is dit deur korporatiewe kapitalisme vervang en is die ekonomiese rol van die demokratiese staat drasties afgeskaal.

Dit is my nadeel (en my verdriet) dat ek in die tweede helfte van my lewe (tot nou) verplig was om te leef in 'n stelsel van vryemarkkapitalisme wat goedgepraat is met die ideologie van neoliberalisme wat 'n herlewing is van die laissez-faire ideologie van die 19de eeu.

Die ontsporing na die stelsel van neoliberale kapitalisme het in 1971 begin toe Pres Nixon die Bretton Wood-stelsel (BWS) van beheerde wisselkoerse opgehef het. J.M. Keynes (een van die ekonome in my D-skripsie) het 'n sleutelrol gespeel toe die BWS in 1944 ontwerp is. Hy was adamant dat reëls en regulasies deel van die BWS moet wees om spekulasies op valuta-, kapitaal- en geldmarkte aan bande te lê.

Keynes het sy afkeur in oordrewe spekulasie in sy "*General Theory*" (1936) soos volg verwoord:

"Speculation may do not harm as bubbles on a steady stream of enterprise. But the position is serious when enterprise becomes the bubble on a whirlpool of speculation. When the capital development of a country becomes a by-product of the activities of a casino, the job is likely to be ill-done"

Ná Nixon was die vervanging van die gemengde kapitalisme deur 'n stelsel van ongebreidelde vryemarkkapitalisme deur Thatcher en Reagan bewerkstellig. Met hulle slagspreuke van TINA ("*there is no alternative*") , "rol terug die staat", "die mark weet beter", en deur op "markfundamentalisme" te roem, is die reëls en regulasies op kapitaal- en geldmarkte grootliks afgeskaf. Die regulasies wat die bedrywighede van die groot Transnasionale Korporasies (TNK) en die Internasionale Monetêre Instellings (IMI) gereël het, is eweneens grootliks afgeskaf.

Die Amerikaanse filosoof Noam Chomsky beweer dat die huidige finansiële krisis aan die afskaffing van Keynes se beheermaatreëls gewyt moet word. Volgens hom het hierdie beheermaatreëls – wat in die BWS ingeskryf was - ruimte geskep vir die demokratiese staat om sy regmatige rol in die ekonomie te kon speel. Maar sedert die beheermaatreëls ná 1980 afgeskaf is, het die finansiële markte 'n “virtuele parlement” geword wat die demokratiese parlement na hartelus gemanipuleer en gedegradeer het.

Volgens Chomsky is ongereguleerde finansiële market “sistemies ondoeltreffend” omdat die “spelers” op hierdie market berekend risiko teen 'n te lae prys verdiskonteer in die wete dat die staat nie kan toelaat dat hierdie market bankrot speel nie. Sonder regulasies het “spelers” op finansiële markete berekend onverantwoordelik en immoreel opgetree om hulleself grensloos te verruk.

Die vryemarkiers beroep hulle voortdurend op Adam Smith se Onsigbare Hand wat kwansuis oor die goddelike vermoëns beskik om die gewensde ekonomiese orde te skep! Maar Adam Smith het nooit beweer dat daar 'n Onsigbare Hand bestaan nie. Volgens hom sou dit kon wees “asof” daar 'n Onsigbare Hand is, maar slegs as daar aan baie streng voorwaardes voldoen kan word wat hyself as te “utopies” beskryf het om ooit verwesenlik te word!

Adam Smith sal elke dag in sy graf draai as hy sou weet wat alles in sy naam gepleeg word. Joseph Stiglitz sê tereg dat die Onsigbare Hand 'n *mite* is. Volgens hom is baie sakemanne genieg om hierdie mite op 'n ongeoorloofde manier te misbruik om hulle ruwe individualisme en hulle immorele en anti-sosiale gedrag te regverdig. Hulle gaan uit van die veronderstelling dat die Onsigbare Hand hulle onthef van morele verantwoordelikheid.

Harvey Cox het in 1999 'n artikel geskryf oor “*The Market as God*” wat die ethos van die markfundamentalisme kernagtig saamvat. Volgens hom gaan die Christelike godsdiens uit van die veronderstelling dat God Almagtig, Alwetend en Alomteenwoordig is. Volgens Cox maak markfundamentalisme op dieselfde dinge aanspraak.

Die dogmatiese kapitaliste roem op die organisatoriese vermoë (of mag) waaroor die Markmeganisme beskik. Daar skuil 'n element van waarheid in. Maar dan moet mense die ernstige markmislukkings en die opsetlike markverdraaiings (vanweë die skewe verdeling van mag en eiendom) nie miskyk nie. Boonop kan die magtige 50 000 TNK ook nie effektief tot verantwoording geroep word nie.

In die “volmaak mededingende” model – waarvoor die vryemarkiers so lief is – het private ondernemings na bewering geen mag nie. Deur dogmaties na die harde werklikheid te kyk deur die prisma van die “volmaakte mark”, begryp die vryemarkiers eenvoudig nie hoe monopolisties die kapitalisme geword het, en oor hoeveel mag die TNK beskik nie.

Volgens die markfundamentalisme wéét die Mark alles omtrent die verbruikers se behoeftes en ook wat in hulle beste belang is. Miskien is dit waar, want dit is tog die Mark wat die verbruikers se behoeftes met behulp van “consumerism” in hulle harte en niere inplant!

Volgens die Mark-aanbidders moet die Mark ook alomteenwoordig wees en moet alle aspekte van die samelewing geprivatiseer, gekommersialiseer en gekommodifiseer word – kerke, universiteite, skole en mense se private lewe ens.

Oor die afgelope 30 jaar het ek meedoënlose kritiek teen die stelsel van vryemarkkapitalisme en teen die neo-liberale ideologie gelewer. Hierdie kritiek het venyndige kritiek teen my ontlok uit die geledere van die vryemarkiers. Ek is deur diesulkes met welbehag afgemaak. Daar is smalend na my verwys as “daardie Sosialis van Stellenbosch” – en dit terwyl ek maar net ‘n sosiale demokrat is en net my werk gedoen het deur op die ernstige sistemiese gebreke van neoliberaler kapitalisme te wys!

Ná die skouspelagtige ineenstorting van die geld- en kapitaalmarkte en groot besighede in die VSA en ná die grootste nasionalisering van private eiendom wat die wêreld nog ooit beleef het, sou ek seker daarop kon aanspraak maak dat die standpunt wat ek konsekwent teen neoliberalisme ingeneem het, gevindikeer is. Ek het egter geen behoefte aan dié soort grootpraterie nie.

Ek is enersyds bewus van die duisende spekulante wat oor die afgelope 30 jaar op twyfelagtige maniere skatryk (of is dit stinkryk?) geword het. Maar ek is eweseer bewus van die miljoene mense (en veral pensioenarisse) wat dalk vir 10 jaar in erge ellende gedompel gaan word. Daarom is dit nie nou die tyd om vermakerig te wees nie.

Ek sou veel eerder wou sien dat die finansiële krisis voorkom moes gewees het. Ek sou eerder wou beleef dat die verwronge idees van die vryemarkiers met goeie argumente uit hulle koppe gepraat sou gewees het. Maar helaas, die vryemarkiers was te selfversekerd om oortuig te kon word.

Dit wil voorkom asof die wêreld sedert 1870 deur drie ideologiese kringlope van 40 tot 50 jaar lank beweeg het. Die wêreld sal hopelik nou ‘n nuwe ekonomiese orde en nuwe samewerkingshouding tussen die demokratiese staat en die kapitalistiese ekonomie moet bou en ‘n nuwe ideologie moet formuleer wat vir hopelik 40 jaar in plek sal wees. Dit sal egter nie maklik wees nie. Die kapitaliste en die besturende direkteure van die TNK en IMI het daaraan verwen geraak om te maak en te breek soos dit hulle behaag.

Die staat sal ook 'n nuwe regulatiewe raamwerk moet ontwerp en stelsels in plek moet plaas om die eerbiediging daarvan te moniteer. Dit sal ook nie maklik wees nie, want baie lande (soos bv. Suid-Afrika) beskik nie oor 'n burokrate wat na wense strategies kan dink en opereer nie.

Maar die staat in alle lande gaan in die volgende 40 jaar nie net 'n groot "ondernemingstaak" hê nie. Hy gaan ook 'n "verdelingstaak" hê. Die binnelandse inkome-verdeling van *alle* lande het oor die afgelope 30 jaar ongelyker geword vanweë neoliberale kapitalisme. Boonop het die gaping tussen die per-capita inkome van die Noorde en die Suide oor die afgelope 200 jaar angswekkend groter geword – met die uitsondering van Asia wie se per-capita inkome vis-à-vis dié van die Noorde effens gestyg het sedert 1973.

Dit is wendekery om te dink kapitalisme sal die ongelykhede spontaan uit die weg ruim. Dit behoort tot die wese van kapitalisme om inkome "opwaarts" te verdeel. Die politieke owerheid in alle lande sal diep in die werking van die kapitalisme moet ingryp om 'n enigins morele en menswaardige globale wêreld te skep.